DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**3 Mei 2020**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

Lees: Psalm 8
Fokus: Verse 1 en 10
Tema: Ons prys die Naam van die Here

Die eerste ding wat Dawid sien as hy na die skepping kyk, is die Here self. Nie net die troue verbondsgod Jahwe nie, maar ook Adonai – die Een aan wie alles behoort. Ons vertaal die name met HERE en Heer/Here – ‘53 en ’83 vertalings. Maar hoor ook die intieme verhouding – ons Adonai. Ons behoort aan die Here. Die aarde is vol van die Here se teenwoordigheid. Daarom leer ons Here Jesus ons bid: “Laat u Naam geheilig word.” Ons is broos en God Almagtig.

Die aarde is nie vol Covid-19 nie. Die Here is alomteenwoordig. Die Here is Koning oor alles. Selfs kinders besef dit. Hulle staan in verwondering voor God se magtige skepping. Die omvang en die kompleksiteit van die heelal is so groot, dat ons nie die eindes kan sien nie. Niks op aarde bestaan uit lukrake toevallige sake nie. Die Here se plan gebeur. Ook met ons op die aarde. Vir baie is die inperking swaar en bring dit probleme. Juis daarom kom Dawid in vers 5 en herinner ons: “wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? Die kontras tussen die onmeetlike ruimtes van die heelal en die klein brose mens, wat sterf aan ‘n virus wat ons nie met die oog kan sien nie, kan kwalik groter wees. Waarom sou God Hom met ons bemoei? Paulus sê dit: Jy sal dalk nog bereid wees om vir iemand te sterf wat aan jou goed doen. Maar iemand wat aan jou kwaad doen? ‘n Sondige wederstrewige mens?

As jy met God se oë kyk hoor jy Gen 1: 26: Ons is geskep na God se beeld, na God se gelykenis. Geen ander wese in die skepping het daardie status nie. Die mens is die kroon van die skepping. Verse 6 – 9 sê dat die God die mens net minder as “god” (Elohim) gemaak het. Ons is net minder as wat God self is. Daarom neem Jesus Christus die natuur van ‘n mens aan en is ons natuur nou saam met Jesus aan die regterhand van God. Dit maak ons nie verwaand nie. Dit ruk ons tot stilstand, soos die virus nou doen, en roep ons aandag: Mens wie is jy? Waarnatoe is jy oppad? Die Here roep ons om dringend aandag te gee.

Waar is ons lof? Prys ons nog elke dag sy Naam? Die Here het ons aangestel. Hy laat ons heers oor alles op aarde. Alles is terme om ons koningskap te beklemtoon.

Maar kyk wat het ons Koning gedoen. Lees Filippense 2: 5 – 11. Christus neem die gestalte van ‘n slaaf aan om sy Vader te verheerlik in Sy dienswerk. Hy verneder Homself om volledig diensbaar te wees. Sy manier van doen roep ons om weer indringend na ons doen en late op aarde en as gemeente te kyk. Jesus herstel ons koningsheerskappy en roep ons om ons eie onmag te besef. Ons werk is om te verkondig: prys die Here.

Die Psalm sluit af soos dit begin. Hierdie keer is die vers egter nie net ‘n verheerliking van God se teenwoordigheid op aarde nie. Dit is ‘n oproep aan elkeen van ons om die gebed van ons Here Jesus Christus met meer erns en dringendheid te bid. In so 47 – 49 van die Heidelbergse Kategismus leer ons die verklaring van die eerste 3 bedes:

1. Laat u Naam geheilig word – ons bid allereers dat ons God reg sal ken en dat ons Hom sal heilig, roem en prys in al Sy werke.

2. Laat u koninkryk kom – in die 2de bede bid ons dat God ons deur sy Woord en Gees sal regeer en dat ons ons hoe langer hoe meer aan Hom sal onderwerp en dat Hy alles is almal sal wees.

3. Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde – in die 3de bede bid ons dat God sal gee dat ons en alle mense ons eie wil sal prysgee om aan sy wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpratery gehoorsaam sal wees.

Mag die Here elkeen van ons lei en ons as Sy gemeente seën. Sy Naam is werklik wonderbaar oor die hele aarde.

# OOG VIR MEKAAR




* Kudu Pretorius het 2 nekoperasies ondergaan. Die operasies is suksesvol, maar sy bloeddruk bly baie hoog. Ons bede is dat die Here hom sal lei tot volledige herstel.
* Hester van der Merwe ondergaan Donderdag ‘n operasie. Ons bid dat die oorsprong van die pyn herstel kan word en dat die Here genesing sal skenk. Sterkte vir jou en Dawie.
* Ons bid vir Hennie en Julie Oelofse die bystand van ons Vader. Hennie het afgelope Woensdag weer chemo ontvang. Die kanker het deur sy liggaam versprei en hy ondervind erge pyn. Mag die Here vir hom verligting skenk.
* Ons bid vir almal wat tans swaar ly onder die gevolge van ander siektes. Ook vir diegene wat swaar kry met die inperking. Ons bid dat die Here ons almal se gees sal vashou en dat ons binne die huidige wetgewing sal bly. Hierdie inperking kan volgens die ministers nog ‘n lang tyd voortduur. Ons is op die hoogste vlak as Gereformeerde Kerke besig om te onderhandel oor eredienste/ samekomste. Op die stadium is alle godsdienstige byeenkomste, behalwe begrafnisse, verbode.
* Sterkte vir ons leerlinge, veral die matrieks, en ons ouers. Dit is ‘n beproewing vir almal, ook vir ons onderwysers. Mag die Here ons almal kalm maak en ons lei om nou ons beste te doen.

# FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle offergawe bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

# KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor steeds gesluit is as gevolg van die verlenging van die inperking.

# BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidige omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking opgehef is hervat word.

# BYBELSTUDIE

**Bybelstudiegroepe is afgestel tot na die inperking.**

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| **** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer*** | | | |
| So 5 Mei | Linamari Slabbert | B | 082 684 5145 |
| Ma 6 Mei | Jan-Albert Coetzee<br>***Dawn Hattingh ****<br>***Johan Snyman ****<br>Elmarie Swanepoel | B<br>B<br>B<br>B | 078 451 8425<br>081 320 2235<br>082 935 8954<br>073 801 4149 |
| Di 7 Mei | Larizane Meintjies | D | 079 250 2338 |
| Wo 8 Mei | ***Marie Seegers **** | B | 082 460 8264 |
| Do 9 Mei | ***Annemarie Bakker*** | B | 082 484 6267 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 3 Mei 2008 | Burger en Retha Grobler | 12 | 071 885 8928<br>082 787 2677 |
| 9 Mei 1981 | Theuns en Brenda Koekemoer | 39 | 082 083 1058<br>082 696 9227 |

**Preke**
Kan afgelaai word op:
www.gereformeerd.co.za

**Basuin**
Kan afgelaai word op:
www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Telefoon | (015) 296 0054 (Tel/Faks) |
| Faksnommer | 086 293 4674 (Faks) |
| E-pos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

**" Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! Kinders en suigelinge besing die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word u teënstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring"**
**Psalm 8: 2 - 3**

